



**UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE**

**Bientang's Cave: A Trans-disciplinary Study of Marginality in the Epic in
Afrikaans**

By
Jolyn Phillips

Student number: 2870322

A thesis submitted in conformity with the requirements for
the degree of Doctor of Philosophy, in the Department of English, University of the Western Cape

Supervisor: Prof. Jacobus Moolman

Co-Supervisor: Prof. Antjie Krog

November 2023

Abstract

This reflexive essay has a creative and an in-depth research component. I sought to write an Epic poem about a marginalised woman known as Bientang. Bientang was a Khoisan, or ‘strandloper’ as Khoisan people were known, in the coastal region of the Southern Cape, featured in several legends from this area. The legends tell of a woman who was supposed to have lived in a cave situated in the Old Harbour in Hermanus. Since then, the cave has had many incarnations and is currently a restaurant called Bientang’s Cave. Writing an Epic poem about a marginalised character is in some ways a contradiction. Therefore, I examine the terms ‘marginalised’ and ‘Epic’ in various ways: firstly, through research into issues of marginalization and creolization, more specifically of fishing communities in the southern Cape; secondly, through research into the characteristics, changes, and manifestations of the Epic in Afrikaans literature, in particular; thirdly, through writing my original Epic poem itself – an accepted form of practice-based research; and fourthly, through translating parts of the poem into English.

The critical component of my research consisted of an inquiry into the Epic, especially within a South African context. Various Afrikaans long poems – the long poetic idyll *Martjie* (1911) by Jan F. E. Cilliers, *Raka* (1941) by N.P. Van Wyk Louw, *Trekkerswee* (1947) by D.J. Opperman, *Zimbabwe* (1968) by P.J. Philander, *Joernaal van Jorik* (1974) by D.J. Opperman, *Lewendood* (1985) by Breyten Breytenbach and *Lady Anne* by Antjie Krog (1989) – are examined in terms of the characteristics of the Epic. Although I have read several historical examples of the global Epic, I refer only briefly to *Gilgamesh*, Homer’s Epics *The Odyssey* and *The Iliad*, as well as two South African Epics, *Castaway* (1999) by Yvette Christiansë and *Krotoa’s Story* (1990) by Karen Press, in order to determine how the character traits of the Epic manifest in these works. The idea is to explore the Epic’s function, how their respective societies manifest in the Epic, and how this would assist me as a poet writing an Epic coming from my own community.

In the creative part of my research, I drew upon my imagination as well as various historical sources such as *Travels into the Interior Parts of Africa by Way of the Cape of Good Hope: in the years*

1780, 81, 82, 83, 84, and 85 by Francois Le Vaillant (1753-1824). Through an exploration of the contradiction between the hero and the marginalised, I re-configured the traditional epic 'hero' into a "counter-epic", a literary concept that has developed in reaction to imperialist epic conventions as a means of scrutinizing the consequences of foreign conquest of dominated peoples – a form explored by Nestor Garcia Canclini's *Hybrid Cultures: Strategies for Entering and Leaving Modernity* (1995). Importance was given to Canclini's "contra-epic" which allowed me to not only surpass the stringent expectations of the epic but also to explore the many challenges I faced in presenting a marginal character as the epic hero.

Further theoretical discussion also assisted the ethical reflection of the presence of marginalisation in my work and in the Epics mentioned above. Gayatri Spivak's "A Moral Dilemma" (2000) and "Can the Subaltern Speak?" (1996) as well as Hein Viljoen's "Marginalia on Marginality" (1999) were my guides. I also explored issues related to the representation of sexual abuse, the Epic genre as subversion, and the Afrikaans language as both opposition and advantage.

In exploring these aims, a dramatic play, written in Afrikaans and English as well as a translation of selected excerpts of *Bientang* from the Afrikaans, were added to the creative output. These additions to the creative project are informed by a transdisciplinary approach, drawing on various fields such as literature, history, linguistics, applied theatre, and music.

Some of my own observations lead me into terribly ironic waters that point more to exclusion than to breaking new ground. In a list of firsts, *Bientang: 'n Inau gedig* led to my becoming the first female person of colour to write an Afrikaans Epic; the first person to write an Afrikaans Epic about a "heroine" of colour; the first person to write an Afrikaans Epic encompassing a wide variety of Afrikaans forming a kind of idiolect; the first person to write an Afrikaans Epic that actively undermines or re-questions the accepted notion of an Epic; and finally the first person to write an Afrikaans Epic as part of a PhD. This, I argue in the final chapter, is not necessarily breaking barriers but exposing exclusion.


Declaration

I, Jolyn Phillips, declare that this thesis *Bientang's Cave: A Trans-disciplinary Study of Marginality in the Epic in Afrikaans* is my own work, that it has not been submitted before for any degree or assessment at any other university, and that all the sources I have used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete references.

Name: Jolyn Phillips.

Date: 30 November 2023

Signature:



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

“Pick me for a sister

In this suspicious land

I have a shovel of a face”

(Mort 2020)



Acknowledgements

Bientang will remain the defining moment of my writing journey. I never thought how irrevocably this legend would push my ability to forgive. If anything, the simple act of saying thank you or admitting to (mis)takes has really helped me gain empathy for the work I was embarking on. The patience of my supervisors Professor Antjie Krog and Professor Kobus Moolman, held space for me to be creative but also to explore suggested readings, and archival and geographical sites that introduced me to South African and international literature. This broadened my boundaries to become both a creative and academic writer. I would not have discovered or read for this PhD without the generous expertise they shared with me. It took me seven years to complete this study, but the English department kept believing that my work was worth pursuing even when I experienced various health, mental health and financial challenges. I was allowed to fully enjoy being a trans-disciplinary writer, experimenting with music, film, applied theatre, and writing workshops, which I believe has prepared me as a creative writing practitioner. I also want to thank the English department for allowing me to write in my mother tongue Afrikaans and for accommodating it in my thesis. I would not have been able to flourish without the UWC Creates and the Faculty of Arts' ethos of multilingualism.

During this process, I was also very privileged to have *Bientang* published by Human & Rousseau as *Bientang: 'n !nau gedig*. I feel truly honoured by the care and sensitivity of Nelleke de Jager and her team in preparing the manuscript for publication.

I would like to thank the following organizations for supporting my creative endeavours: The University of the Western Cape, The University of Stellenbosch, The National Institute for Humanities and Social Studies for the Working Groups Grant, The National Theatre initiative (NaTi), The Suidoosterfees, The Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), and US Toyota Wordfees.

I would also like to thank The Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns for the special recognition they accorded me in awarding me the Eugène Marais Prize for literature for *Bientang: 'n !nau gedig*.

I would like to express my gratitude to the cast and crew of my play titled *Bientang:bloedspoor!/nau*, in no particular order, Frazer Barry, Deniel Barry, Charlton George, Amelda

Brand, Amber Fox-Martin, Maia Lehr Sacks, Lulu Kieser, Kayla van der Merwe, Renée Cloete, Jason Jacobs, Philip Theron and Professor Louise Viljoen for all the discussions on the South African/Afrikaans literary and theatre scene.

I have mentioned in the thesis, that I have had battles around racial identity and writership but engaging with everybody mentioned above, I have come to understand the serendipity of being born from blue-collar workers, in a fishing village called Gansbaai. I am proud to be my parents' daughter and to be part of that community: that is my true archival space. I believe that all the words I will ever need are always waiting for me when I go home to Gansbaai. But concluding this project I know I can write no matter what place I call home.



Keywords

Afrikaans Epic

Marginality

Trans-disciplinarity

Counter-Epic

Bientang

Female Epic




UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Table of Contents

Abstract.....	i
Declaration	iii
Acknowledgements.....	v
Keywords.....	vii
List of Figures	x
Bientang: 'n Inaugedig.....	1
Chapter 1. Introduction.....	59
1.1. Writing journey.....	60
1.2. A lunch in Hermanus brought her to me!	61
1.3. Some ethical considerations for the poet/academic	62
1.4. My Afrikaans identity: From dialect towards idiolect.....	63
1.5. Subjective Considerations	65
Chapter 2. Literature Review	67
2.1. Literature Review	68
2.2. The Epic Tradition.....	68
2.3. Brief Discussion of Three Historical Epics.....	70
2.3.1. <i>The Epic of Gilgamesh</i>	71
2.3.2. Homer's <i>Iliad</i> and <i>Odyssey</i>	74
2.4. Some Afrikaans Epics	77
2.4.1. <i>Martjie</i>	78
2.4.2. <i>Trekkerswee</i>	84
2.4.3. <i>Raka</i>	87
2.4.4. <i>Joernaal van Jorik</i>	89
2.4.5. <i>Zimbabwe</i>	91
2.4.6. <i>Lewendood</i>	93
2.4.7. <i>Lady Anne</i>	94
2.5. A Brief Discussion of Two Other South African Epics.....	97
2.5.1. <i>Castaway</i>	98
2.5.2. "Krotoa's Story"	100
Chapter 3. Literature Review of Theory.....	102
3.1. Archive Material	103
3.2. Marginalisation and Ethical Questions	105
3.3. The Question of Language: Afrikaans as Foe and Friend.	107

3.4. Genre as Subversion	110
3.5. The Representation of Sexual Abuse in <i>Bientang</i>	111
3.6. Some Notes on the Trans-disciplinary	112
Chapter 4. Methodology: Writing Process.....	114
4.1. Trying to ‘meet’ Bientang the Spivak-way	115
4.2. Bientang as an Invocation	116
4.3. The Writing Process	116
4.4. Poet as Host; Poet as Problem.....	124
4.5. Rewriting the Epic hero(ine)	125
4.6. The Eyeservant.....	126
4.7. Format (Typography)	129
4.8. Looking back.....	132
Chapter 5. Results	134
5.1. Impact, Failure, and Conclusions.....	135
5.2. Bientang – An Epic.....	137
5.3. Thoughts on Translating some Extracts of Bientang into English	146
5.4. Reactions to Bientang	148
5.5. Spawning from Bientang.....	151
5.6. Failing Better: A Conclusion.....	151
ANNEXURE 1 – TENTATIVE LITERAL TRANSLATION OF PARTS OF <i>BIENTANG</i>	186
ANNEXURE 2 – A SHORT REFLECTION ON THE PLAY	199
Bientang: bloedspoor/!nau	202
Works Cited.....	204



List of Figures

Fig. 1. “Legends” from Bientang's Cave Restaurant menu,	61
Fig. 2. Standard Version, Tablet II,	71
Fig. 3. Gilgamesh and Enkidu in attack,.....	73
Fig. 4. Reproduction of cuneiform tablet from British Museum.....	74
Fig. 5. Pierneef etching on the title page of “Silwer Strale”.....	84
Fig. 6. Narina, A young Gonaqua,.....	104
Fig. 7. The KHOE family of languages.....	117
Fig. 8. Entrance to Klipgat caves, Gansbaai, Cape Province, South Africa.....	119
Fig. 9. Klipgat caves exit, Gansbaai,	120
Fig. 10. Bietou Berries.....	121
Fig. 11. Bitou Plant.....	121
Fig. 12. Gearing’s Point, Hermanus,	123
Fig. 13. Hermanuspietersfontein (photographer: Thomas Ravenscroft).....	125
Fig. 14. A Young Gonaqua.....	127
Fig. 15. Map of the Cape Whale Coast.....	128
Fig. 16. Example of the long ‘s’	131
Fig. 17. The cover page of Bientang.....	135
Fig. 16. Bingi to Bintagin.	137
Fig. 18. The description of the !nau (S. Seligman), which is included in Bientang.....	139
Fig. 19. Definition of “Bintang”.....	143
Fig. 20. Picture of Bintang beer sold on the Island of Bintang, Indonesia.....	143

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Bientang: 'n !naugedig

bien

tang

'n !naugedig

UNIVERSITY *of the*
Jolyn Phillips
WESTERN CAPE

ek staan op die plaat klipgatgrot en die sandberge agter my voete is
plat my tone uitgesprei oor die skulpgrys wanneer die see terugtrek hoor
ek die ghoera die water is skoon en koud soos my bloed ek staan voor my
en kyk hoe die gety kwaad word



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Bingī *a*-Deaf; hard of hearing.
Bingihin-*v*-To deafent make deaf.
Binhi-*n*-Seed; grain; germ; bud.
Binithay-*a* & *p*. *p*-Sifted.
Bintang-*n*.False charge; imputation,
presumption; suspicion; imposture,
Bintangin-*r*-To accuse falsely; inculpate.
indict.



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die !nau kom vinnig aan ek moet in my hut sit
die mans suiker die elandgebied vir my eer
my troubare sal vir my met 'n klipdaskaros seën
my kinders sal altyd behoort aan sy pa'le
wat van rivier kamma-kan kamma vandaan kom

ons is die qua van duiwelsgat en ons gaan nêrens
vandag dra ek my seehondvoorskoot kapallangs mantel
ek is die heerser van my hut melk self die bokke
my broer het sy eed afgelê ek word vandag
vandag is ek nie meer 'n !naumens nie my mense sing

vandag is ek 'n vrou ek word uitgesmeer met boegoe
dit maak my vrugbaar atta'le vat my vanoggend
na die hut en sê vir my ek is nie meer ekke nie

sy buk ek kruip as sy kruip ek skil as sy skil ek
ek gaan nooit weer iets met my eie hande kan bewerk nie
my hande word toegesluit sy leer my voete saam-saam strop
atta sê van nou af moet ek wegbly van die see af
die slangdokter praat my lewe warm met die boegoe

my rooidag maak die see onstuimig in die hut
ons wag ons wag ons wag mane om sonne verby



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

ek is bang vir die !nau tog wil ek bly in die !nau
ag see! stuur swartmosselboodskappe vir my seblief
ek ruik na bietoublos ek kniel voor die ghoenavyg
hou my gonnabos steek my weg in jou keel malmok
los my af !nau toe tog! bewaar my strandlopergeite

sê pa'le ek kan nie by die water uitkom nie sê ma'le
sy bewerk my met bruinsalie haar vaalbosstampsel
sy wat my suster is kyk toe dat ek voor haar vrou word
sy's klaar deur haar fynbostyd sy's klaar ingeheuning vir my
los'le om te ontaard vir my los'le gedou

ek voel hoe die ghoenavygblom uit my trek
ek ruik na seemeeumis ruik vis tussen my bene
groei daar uintjies onder my arms word ek bokkoms
vrougoed maak my aasgoed ek berg liefs my strandloopgeit

my rooidag is op pad ek wag vir my teken
see bring woorde waarmee ek kan bid ek spoel ek vlieg
ek staan op die plaat my sing fring
jou waternaam vang my oog my oestervanger hy weenfluit
sluit die swartmossel oop hardloop sê hy hardloop strandlangs
my bene kom los maar dan draai ek terug huis toe



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE


die !nau is terug my boetabessie bemin my
hy't al sy storms op my uitgehaal
hy steel my karos hy dra my steel om sy polse
ek het hom by pa gaan vermaan hy los sy storms
in my my verloofde vat sy belofte terug

ek dra 'n pot storms in my pens ma'le pa'le los
my waarheid soos weggooigoed vir die seemeue
ek is terug in die !nau sê die medisyneman
my broer maak vir hom 'n nuwe karos een
van die dae sal hy trou net ek en sy stormkind bly nou !nau

ons is hemeltergend nêrens en sonder mense



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE



//oëdienaar

jy trek oor die wêreld jy see jy stormsee jy skipbreuk
mensedood jy geweldig jy bemagtig begeer jy lok my
jy sipier my deur water bely ek see ek raak pekelwater
hier kan galjoen koraalrif in my bly see jy
is al wat oor is van my duingharrielyf



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

stratum and to those either below or above it. A person in a "state of transition" from one stratum of society to another is said to be *inau*, i.e. in a condition of taboo, dangerous both to himself and to all with whom he comes in contact. Thus, when a child attains the age of puberty he is no longer a child but neither is he a full member of the tribe, and so for a period he belongs nowhere but is removed from the solidarity and security of his former position

The logo of the University of the Western Cape, featuring a stylized classical building with six columns and a pediment.

UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

vanoggend op die walvismat vorm 'n drupklipgrot
die see die see die see my skuldbeen is 'n afgekapte wiek
ek mis jou ruggelingse wieg dis tyd vir vygiedra
atta vra ek hoe raak mens minder hoekom brand ek
raak ek donker ouer wind as ek my hakskeen lig hol ek

die rooibekvoël ken al die see
se raaisels ek ken al my pa se raaisels maar
hy ok hy word 'n dofwoord hy word skim
hy skim hy wys my hoe ek weg kan beweë
my hele lyf dans soe-soe die krale
om my enkels nek en toe



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Atta se voorgevoel

ek het dit geweet die medisyneman het dit aan ons verklaar ek
is aangemaak met die see my !nau die groot storm roep!
dit is galjoentyd die water is my beletsel
die dood hardloop weg vir ons die biantangkind vang dit
Atta sien die kind se koliek goggo die stormse

 atta soms soek ek nog vir jou tussen die waters
 atta ek mis atta tot in die murg van my harte
 ek nodig my bloekomgeneester perlemoer
haasvel trek atta van sy vlies af en sit dit op my pa'le se bors
my atta is 'n slangeneester suie 'n gif uit soos 'n wig wie sy
 ma'te wegspoeg atta se roeping reën hael



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

//oëdienaar

ek is jou oëdienaar ek ryg skulpe ek ontskulp alkruk
ek krok ek kraak blaker ek uit ek staan op
ek steel met my oë roof met my tong ek blaai om
die spelonk die noorkapper storm die biantang tang



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

ek het my nageboorte in 'n pot gegooi
langs my bene loop my maanstone weer
oestervanger in my oë kyk vorentoe kyk
agtertoe kyk ek vlieg ek kom op vlerke
ek n!om al langs die loperbaai hy't my 'n nuwe plek gewys




UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die eerste storm roep my ek kan nie meer my luister inhou nie
ek sit op die plaat sit sonne en mane om ek bid vir die see
ek maak 'n storm aan ek por die see aan daar staan hy
vat hom na sy hel toe hy wat my broer is kyk hy staan
met 'n visstok hy is aas vang hom voor jou sluk hom in
een van die dae is die galjoentyd verby haak hom see

ek het my storms in jou begrawe vat die stormstoker
voor die galjoene ophou byt in stormsnaam ek verdien die guns
ek sal jou wagter wees ek sal na jou waterkinders kyk
ek sal met elke brander getuienis hou van jou
ek bientang jou visvrou vra dit tot sy sout word

arms sussend my lied my lyf wat die wind na-aap
my heupe kalm laaggety ek roffel my voete als dans
sam-saam 'n donderstorm als saam is wolk wat breek as ek
wakker word is my krag 'n toering op my kop
my pa hou wag langs die vuurtjie die wind praat die kole om



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die dag toe ek wegloop van duiwelsgat af het ek die familiestrik afgetrap
en my geswelde enkel herinner my gedurig

ná my broer se dood staan pa'le
met sy rug na my ma'le staan met sy rug na my
wys die medisyneman die rigting van hulle af
loop


die begrafnis het ek by my los hulle my rou
pak ek weg in my agterkop dit gordelroos in my
loop

sê die oestervanger daar wag vryheid vir jou anderkant loperbaai
ek loop

ek breek julle tak vir tak van my af daar wag vryheid
annerkant loperbaai ek het my atta se mantel ingepak

my pa'le se slinkse kunde sit nog vas in my vel
ek kan tuin maak ek kan visvang ek visvrou van die loperbaai
ek staan op die plaat klipgatgrot en die sandberge agter my

my voete is plat my tone uitgesprei oor die skulpgruis
wanneer die see terugtrek hoor ek die ghoera die water
skoon en koud soos my bloed ek kyk voor my
ek kyk hoe die gety kwaad word my broer skaaier van my !nau
het waterwys in die storm se hande gespeel



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

my tog na my nuwe plek ruik na wilDEDagga

die sand sing die wit woestyn se heuwels raak kleiner
ek is amper daar ek kom al nader aan my spelonk
tree vir tree maak my voete die sandheuwels praat
gister ek het my enkel geswik en dit sleep slakspoor voetspoor slakspoor

die blou hemel staan sonder wolke dit gaan 'n koue nag word
enige boodskap van hoe ver nog soek ek asbosse ken ek aan hulle
taktoppe hulle ken maar min reën en ek het te min water saamgebring
sal ek ook uitwaai 'n spoelstroom windwaarts waai
sal my sand sang hou tot by my bestemming

watter vryheid wag vir my ná al die pyn wat in my kruis
sit want omdraai kan ek nie omdraai kan ek wragtag nie



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

daar doer sien ek 'n berg met 'n swart oog ek dank die fynbos
ek het dit tot hier gemaak in die grot gaan ek baie vuur maak


as ek sing staan ek in gebed met my liggaam in selfoorgawe
ek omskrywe reëndruppels uit die dieptes van my buik

daar is 'n waterval wat ophou ophou by varksnoetberg
daar waar my atta kruievrae los vir haar voormense
my stem pluk brandsels nag uit grot uit
my pa'le jag en gooi die as in die lug onthou ek
ek lees hulle voetspore
die maan maak ook vuur en oor ons waak hy soos bye

my stem hardloop weg uit my uit
ek kan sien in die donkerte
ek ken die taal van donkerte in my spelonk
ek kan dit nie oortaal nie
my vel is so klam soos die verbryselende grot

die see kom klop aan my grot
se deur maar sy kom nooit in nie
ek is haar buurvrou sy stuur
aliekrukke en mossels klipkouse visse
en robbe wat ek na my doodplek vat


ek is dankbaar vanoggend
so deur die pyn van die swikvoet
my buurvrou het skuimbek by my kom kla
die noorkappers is op pad
ek moet my reg hou



is my bek nie genoeg souterig nie
is my ore nie genoeg ingelê van die branderbraak nie
my kop is 'n suurvygie wat eers 'n kroon gedra het
maar ek voel die son maak my hard van buite en sag van binne
en hoe het ek staat en sukkel in die begin

hier was vars water om te drink maar ek en hierdie grot is nat
hier kan nie vuur brand nie nie vir lank nie hoe moes ek nie
die mure droog hou nie maar dan die alewige geswetery die saambly
met die donkerte die plek is 'n omgedopte volstruiseier
wat in hom net middernag berg ek is agter die oestervanger aan
en ook hy het die kos uit my bek gepik

ek is nou gewoon aan die koue klam huis van my
ek ken die kranse se nukke ken die kolieksomers
ek weet watter winde tart jou ek moet bieg ek is so sout soos jy see
ek kry lekker vir bote wat soos leë kreefdoppe teen jou kraak
ek kook mossels in bamboese



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die walvisdroom kom klim in my kop as ek sluimer deur die dag
drome wat in die dag geskied sê atta word waar


ek is 'n slaweskip wat deur die sand trek ek droom my vel word 'n net
en die see word net sand 'n hand kom en gooi die sand
dit val deur my more en ek het hande wat aan my hande gelas is
die kronkelpaaie in my palm dit het doringgting
ek lê op die water en dut ek vertrou die water in haar kan ek

opgee in my is ook water ja in my is ook donderstorms
in my is ook die harsings so groen soos seegras
in my is klippe en daar is 'n grot aan elke swelselhoek van my
lyf en hier kan ek nie sink nie hier spoel die water in my ore
in my neus my oë hou ek oop in die water is ek soos al die ander

kinders van die see wat in haar bly die son brand my donker
my vel ingelê as ek wil kan ek sout afskud visse is die water
vir julle sout jy see hou my uit met die smaak van jou
met die rolbranders soms val jou bamboes uit jou kroon uit en
dit maak dit moeilik ek het jou nodig see ek kla nie

ek sê maar net hier is ek binne jou maar jy jy hou my uit jou uit
ek droom ek sien onderwater ek kan onderwater asemhaal
in die baai sal ek spook tot ek fossiel in die baai
sal die noorkappers kom herinner ek is bientang
want see ek voel hoe my voete 'n stuur word

my arms bore vinne ek voel hoe ek maan ná maan noorkapper word
ek staan op met die gedagte van huiskeer kry wat sal my makeer
ek't niks by my ouer'le verloor nie



//oëdienaar

Bientang Atta se kind
skrik wakker
ek praat saam met jou
ek wil deur die mure breek
ek wil vir jou 'n storie vertel
van waar ons almal vandaan kom
hoekom ek met die see kan praat
hoekom jy met my waternaam sit
Bientang my kind skrik wakker
ek moet jou my storie vertel
ek wil hê jy moet my hart leeg skeep
my kind jou Atta sy sink
bodem toe skrik wakker
voor almal van ons vergeet



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die dag kom sê weer tabè ek het nie lus vir dae nie
ek en my donkerte ons voel veilig in die grot se donker oog

wanneer staan jy 'n slag op van jou insluimer staan op sê ek
ek koggel jou met klippies wat op jou kalm waters spring
maar jy huil nie ek loop met 'n knop in my keel
maar ek wil wragtag uitbars en see en see en huil en huil
ek wil pa'le nie vashuil nie my tuiskoms was so stil

ek sing so lank in 'n ander taal sing
daar buite ek het gedink as ek eers 'n blyplek vind
sal dit maklik wees om tuis te wees in
hierdie grot is altyd die skadu's van die ander grot




UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

ek is met die heks in my kruis weer na pa'goed se plek
toe is hulle nie meer daar nie
het pa'goed nie eerder net dagga gerook nie
het ma'goed nie net gemaak asof sy 'n leë
skilpaddop vol kruiewater skep nie hulle het
nie net met my gepraat nie jy sien hulle was
nie daar nie hulle was nie meer daar nie see hulle was

weg daar was bene van vis robbe 'n snawel
van 'n pikkewyn daar was bene van die bokke
hier hulle het goed geëet jy't vir hulle
meer vis in die vywer gelos jy't my pa se pyl en boog
weer gif gegee jy't vir sy wapens oë gegee

my mensgoed het goed sonder my klaargekom
ek is nou 'n kreef wat aan die oorskiet peusel ek is 'n slak
in 'n skulp uitgespoel uitgevreet ek is krag
omdat pa'goed krag is die werwelwinde sit in my kruis
die kwaadbye maak rolwolke in my bors



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

weet jy wat maak heimwee dit maak die grond in jou bors sag
soos sandduine as jy weer sien trap jy op die sagkante die sand sluk jou in

wat sou ek in elk geval wees wat sou ek met my
sandduinbaar by klipgat doen is ons dan nie almal hardloopmense
nie dit is in my bloed om so te wees maar ek is
ek is gemaak om alleen te spelonk ek is hier
vasgekeer in my vryheid ek is die baai se rooi

aas wat stink ek is die wurms wat die visters so
uit my volmaan uithaal is ek ook maar nie soos die vywer
wat ek gebou het nie? is ek dan nie maar hotnosvis nie
ek wil meer nie van vis lewe nie ek wil my
lippe aflek die soet van heuning en frietangs

ek bientang wil weer by die see gaan staan
en verlief wees op sy kalmte en sy blouigheid
nee die see knies my ek droom hierdie baai is my kind
ek kan haar nie in my arms dra nie my borste het verdragboste geword
agter my keel hekel my woede met bamboes

die res van die kind blom uit hier voor my
die kind wat te vroeg en bamboes gekom het
die see spoel haar elke oggend uit see is dit jou
manier om my te tart het my broer se skaduwee
ook nog 'n reg om by my te vat dankie vir sy dood



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

wat maak ek met sy skaduwee ek is
ondankbaar in die grot my oë sien die wêreld bleker
jy gaan my nie sommer onderkry nie ek is die see se wagvrou
ek laat my nie onderkry van oestervangers nie
as my oë nie kan sien nie sal my vel my voete en my hande vir my sien

as ek sonder my mensgoed kan klaarkom sal ek sonder jou
see klaarkom ek het jou nie nodig nie hoor jy jy sê
vir my in my slaap daar sal weer 'n storm kom
die dorp wegvreet ek is nie meer bang nie
ek is nie meer bang vir jou waterkrag nie
jy het my seerang gegee ek het ook sê hier



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

dition. Thus, cold water is a source of great danger to a */nau* person ; he must on no account come in contact with it, and after purification he must be reintroduced to it with much ceremony, being splashed all over by some qualified person. As an example of its powers may be cited the Hottentot witch-doctor, who never washes nor touches cold water from year's end to year's end. His potency resides as it were in the dirt and grease of his body, and this is always an ingredient in his medicine. Should he touch water his power would be diminished, and a Berseba witch-doctor who had been using his power for evil was ducked in the pond by the chief's orders and his magical powers thereby completely lost. His medicine can also be



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

die weer kom sê: tabè ek heet u ek
wens ek kon soos die visters hier op dié parrabaai koppelos
windvang liewe heiland ek is moeg om altyd agter
die wind skoon te maak ek wil sê ek's nie hulle slaaf nie
die suidooster besluit vir almal ons morestond ons doodsgety

ek is vandag hier om my hawe te kom regtrek ek vat die seepant
met my twee hande ek lig die see op tot dit bo-aan die klippe skuim
dan bring ek dit weer liefderik terug grond toe sit die see in sy
vel terug ek trek dit netjies oor met die seelaken
dan vat ek die seekussing pof dit vars op vir 'n nuwe slaap-lê en maak al

die kante plat met blou-grys spreï fyn skuimrandjies vir 'n pragtige
bruidsbed dan kom die visters en ek sien hier van my aardsholte
die hakskeenknie vanhulle bote hulle kussloep en hulle vergeet my
as hulle huis toe kom met boeties grondhaaie en karelgrootoë
langs die tafel sê die vistersgoed die vis proe sommer lekker in

toe ek huis vind in my grot toe besef ek ek ken niemand
meer hierbinne nie ek ken alles
niemand ken meer nie



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

ek het gister weer van my pa'le se plek af gekom
hulle het gestoot sonder my ek't vir hulle
'n vergifniskaros gemaak die walvisse
het al drie keer kom kalwers lewer hier by my plek
voordat ek besluit het ek sal vandag teruggaan om

my vergifnis na hulle te neem die karos
het my baie dassies gekos baie seehond
en uitgespoelde walvis ek het gelooi ek het
vir my 'n klein soutpannetjie gemaak om die vel
mee te behandel my hande het gerou van die sout

elke stuk vleis en vet uitgewerpsel en mettertyd
het my binneste weer kom lig word die geheue
van my wat eers net storms was het eendag
met lente van my mense gekom my aandag
afgetrek van ouer'le my kwaad sag gemaak
ek moet loop vrede maak as ek wil vrede wees



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

//oëdienaar

wie is lord Montagu?

hy's 'n reisiger 'n man wat plante en diere ken
opskryf Bientang het hy in sy boeke geskryf
die plante en die diere het hy afgeskryf
maar vir Bientang kan hy nie uitgeskryf kry nie

wie is Klaas?

Klaas het die lord opgetel met 'n sak tale

wat het dit met Bientang uit te waai?

al wat jy hoef te weet is dat Bientang nee gesê het
vir die lord al wat jy moet weet is dat sy ook hulle afskryf
dit is al wat ek die oëdienaar kan uitleen



Běntang, بئع

Běntang, بئع To spread, to spread out, to stretch out; to extend; to expand; to crucify. Běntang tikar, بئع تیکر To spread a mat. Note: As in Malay houses everyone sits on the floor, the first act of civility on the part of a host in welcoming guests whose arrival was not expected is to spread a mat on which they may seat themselves. To say of one's house, Běntang tikar pun tidak, بئع تیکر فون تیدق He did not even spread a mat, is equivalent among Malays to saying that he was inhospitable and shewed scant civility.

Āpa gūna kain di-běntang,
Kālau tidak gūnting-kan bāju?
Āpa gūna sārōng di-sandang,
Kālau tidak di-bānoh-kan mādu?

اف گون کائس دبئع
کالو تیدق گونتنگن کابجو
اف گون سارونگ دسئع
کالو تیدق دیبانونگن مادی

What is the use of spreading out a cloth if you do not cut a coat from it? What is the good of carrying a weapon sheath at your waist if you do not slay your rival? Māka ia pun sēgra-lah bér-siap-kan bālai mēm-běntang sēgāla hampar-an iang endah-endah, مك اي فون سگرا لاه بئر سئپان کابلاي ميم بئنتانگ سغاالا هامپاران يانغ انداه-نداه, He speedily made the hall ready and spread out carpets of great beauty. Tětapi pātek minta tian-ku būat-kan pětērāna dan běntang-kan tikar pāchar dan pērmādani, تئافي پاتئک مئتا تئوانگور پاتئران دان بئنتانگ کان تیکر پاتچار دان پئرماڈاني, But I, thy slave, beg that Your Majesty will have couches made, and cause patterned mats, and carpets to be spread. Běntang pākat, بئع پاکت To spread a fishing net. Di-běntang-kan khēmah, دبئعن کئمه Tents were pitched. Āda iang tēr-gūlong dan āda iang tēr-běntang, اد يانغ تئرگونگ دان اد يانغ تئر بئنتانگ, Some were rolled up and some were spread out. Tēr-běntang, تئر بئع has the special meaning of blunted, when speaking of a blade. Běntang-lah sáyap-nya, بئنتانگ لاه سايپنئا, Its wings were extended. Note: The forms Pěntang, فئع and Rěntang, رئع are also, though less commonly, met with, and the latter is only used as regards nets. Note: The words

Děpang, دئع To crucify by means of nails, and Rěgang, رئع To crucify by means of rope, are more generally used than Běntang, بئع in this sense. All Malay crucifixions are done on the ground and not raised on a cross or frame.

Běntang, بئع A kind of buffalo-sleigh which has no wheels, is very rough in construction, and is only used for dragging timber. Note: For other kinds of buffalo carts and sleighs in use among Malays see Āndor, اندر




//Klaas

ek sal nie sê ons het ontmoet nie sy het ons betrap
uitgetrap en ons gevloek in haar taal toe ons haar
die eerste keer ontmoet was sy jonk en haar wangbene hoog
sy het verleidende heupe met plat voete sy het 'n mantel aangehad
gemaak van walvisvel en sy het geruik na boegoe
die plek het soos reën geruik sy het vir lord Montagu bokmelk gebring
want dit is wat vir hom lekker was bo-op die dorp is sy 'n slinksterheks
hieronder was sy soos sy gesê het god van die see -
“like Poseidon,” lord Montagu exclaimed

// lord Montagu

**“she presented me with a basket of goatsmilk with a natural grace which she
displayed and had taken care in making the vessel clean. it was quite warm.
i drank some of it.”**

Bientang het snaaks gepraat asof sy twee
stemme was laas by ons tweede ontmoeting
sy't haar dood voorspel maar hoe sou ek weet
sy't altyd in beelde gepraat



//Klaas

my tweede dag met die tang aas aan 'n vislyn
die see praat saam met 'n mens praat hy nie met jou nie?
(dit vra sy reguit vir my)
nee sê ek ek kan hom hoor maar ek verstaan hom nie

waar was ek?

jou broer

die vrou voor my het verander in 'n grys wolk
hierdie oë van haar hulle het gereën die ding
is toe sy daardie middag uit haar hut weghardloop
het haar broer gaan visvang sy het net so sonder om
haarself af te was see toe gehardloop want
die galjoene het gebyt en soos sy hardloop
het die gety hoër geword sy het vir my gesê
die see was so wild sy't gevloek dat haar bek
skuim maar hoe vinniger sy hardloop hoe hoër
die branders hoër en hoër het die see opgestaan asof
die see uit haar slaap 'n knorrige ouwrou wakker word
wat sy daardie dag gesien het was 'n stuk water wat die pant
van haar rok vat oplik en weer laat val het en met die val is
stukke aarde saamgevat so ook haar broer sy het by die Plaat
en Klipgat gestaan en toegekyk hoe die see weer haar
sit kry sy ook haar sit kry toe sy by die grot
aankom het haar ouers grond toe gekyk
haar suster het met haar rug na haar gestaan
die medisyneman het met sy vinger
na loperbaai gewys en haar stap het weg van haar mense geloop

ek was te vroeg gepluk ken jy 'n bietoublos klaas?

ja het ek gesê

as kind was ek 'n bietoublos my mense
noem my bietou na die plant wat vir hulle in die lente
biesies dra 'n bietoublos blom eers voor sy
groen biesies dra - dan in die son word sy geel
dan word sy rooi en pers as kind het ek hulle baie geëet

in my lente het my bietoublos geel madeliefies gehad
my broer kom pluk aan my maar ek dra nog groen bietous
hy kom pluk aan my en spoeg dit uit
dit was geel en hy was amper tevrede
toe die biesies rooi word eet hy klompies lentes van my af

toe die walvisse weg is dra ek 'n kalfie
ma'le pa'le wou weet wie wie
en ek sê dit is die boetabessie
my boeta sê ek is 'n vroumens
ek jok soos 'n bosluisbessie
hy herinner almal ek is aangemaak met storms

ná die derde maan kom die rooimaan weer
ek is in die hut gesit ek het geboorte gegee
aan bamboes ek is uit by die hut ek het gehardloop
ek het die see geroep ek het my bamboes vir haar gegee

ek het haar vervloek sy het my gevloek
hy is dood in die galjoentyd ek sal eendag teruggaan
klipgat toe en verskoning vra maar my hart proe nog
na alsemkruid my boeta se gifpik
daar sal nooit weer 'n enkele bietou uit my blom nie

ek het my !nau gebreek my grot gebreek
ek het my ma se beste kleed gesteel
my pa se joran en my ma se volstruiseiers
ek het vir hulle my bamboes agtergelos in my hut
ek het die loperbaai fyngekam ek is nou hier

“is dit jou grot?”

hoekom sal jy my so iets vra
julle sit om my vuur eet my kos
kan julle nie sien hoe julle in my oortree nie

sy het gemaak asof sy Montagu nie verstaan nie
maar sy was nuuskierig
hoe iemand so baie klere kan aanhet
wie se hare seegrasglad voel wie se vel soos fyngemaakte skulp is
sy't lank gevat met die vertrouery
ek was die middelman wat die vertrou help vetsmeer het
sy is 'n vorstin sy ken mense
ek was die man wat die woorde kruiwa tot in die lord se kop
ons het mekaar se vertrou gewen met 'n liegstorie
(die storie in sy boeke wat lord Montagu skryf was 'n liegstorie
ek het belowe om die woorde in my kop te bêre)
toe ons die eerste keer by die grot kom was ons gewaarsku
moet nie soontoe gaan nie
dit het lord Montagu nog nuuskieriger gemaak
hy het notas en tekeninge gemaak van die diere
die bome en heeltyd gesê **“how fascinating, how profound”**

ons het onder by haar grot gekom en ons kon sien hier
hier bly 'n vister daar was 'n klein soutpan
walvisvel het gehang 'n varswaterpoel en twee grafte
met geel blommetjies wat ons Chainouqua boetablom noem
sy perd net so bleek soos hy hy het sy stert geswaai sy perd
het van die varswater gesuip
lord Montagu het nie skaamte nie
hy het ingeklim hom met boerseep gewas
sy baard geskeer en gesê: **“I feel like a new man”**
ek het vir hom gesê ons staan op iemand se bidplek
ek het vir ons 'n geelstert in die hande gekry en gebraai
hy het tabak en brandewater baie van gehad
ons het vir vier dae daar gebly
hy maak van alles sketse en notas en sê
“how marvellous how absolutely extraordinary”
ek sal nie sê ons het ontmoet nie sy het ons betrap
uitgetrap en ons gevloek in haar taal
al wat Montagu kon uitkry was
“you are the most beautiful savage I have ever seen”

daar was storms in haar oë
haar skel het soos blits in my getref
sy het gepraat die ou praat
wat al uit my gesweep is
op my reise met lord Montagu verkwansel is
en hier staan sy en in haar skel kom ek na
vore en buig en sê tabè!
ek is Amroo van die kamma-kan kammarivier-mense
haar branders bedaar
die lug word weer blou
sy reik uit haar hand en sê:

tabè my naam is ha!ku genoem na my ma se stam
bientang van die bietoublosmense
genoem na my pa se stam
maar sjuut hieroor

mense soos die lord is vatters

ek kan ook sy taal praat

“the name was too strange to my ear, although I recognise the word bientang – celestial body – that I picked up in Suriname. I called her nerina, after my favourite flower. She promised to keep the comb I gave her as long as she lived in remembrance of me. A sentiment that was no longer a stranger to her heart.”

daardie aand praat lord Montagu

met my oor hoe ek en Bientang gesels het

dit was 'n soort behoort wat hy nie kan verwoord nie toe teken hy haar

ek het ook oor haar gedink my kop

bruis soos die see hier ek tel die sterre


so naby soos my vel

as lord Montagu praat oor hoe mooi

die vrou wat so koninginlik

in sy oë kyk – in sy duiwelsgatgrotkop kyk

raak ek nie jaloers nie




ek raak jaloers
as sy so terug in die lord
se oë in soek
as sy praat as die woorde
niks beteken vir hom nie
omdat haar oë soos skrif
in my ink die bestemming
van haar woorde 'n knippie

sout tussen wysvinger en duim vryf
ek sien jou twee syagtige tierklipoë
in jou oogkasse wat amper wil uitval
en hoe die woorde in my binnekop
'n bergstorting veroorsaak

want as ek in hulle kyk
dan blaas jy die vlam van jou gedagtes dood
dis dan dis dan wat die jaloesie
in my oor steek
veral as lord Montagu vir my sê:
kyk hoe
breek haar
wangbeen
as sy lag

vir die lord met die oë
van 'n mistroostige see
vir hulle kompas jou oë
binnetoe
hy het my gevra
van waar jy is
aan wie behoort jy
ek het jou belofte
geantwoord
she doesn't have people
she is the last one my lord



//oëdienaar

ken jy jou plek Bientang het Klaas gesê
as jy daar bo kom ken jou plek
die kleurlingvrouens kom goed oor die weg
met witvrouens want onder by die hawe ken elkeen sy plek
hulle albei vlek vis maar die een vat kuite en braai dit
met kaiings en die ander een vat snoek en verkoop dit
jy is van dié wat viskuit huis toe vat

sy onthou dit hulle het lank gesels
want die vetlampie in die perlemoendop
het uitgebrand en sy moes die volgende
dag langs die duine nog duinewasbessie
gaan pluk Bientang het rondgeloop met Klaas se gedagtes



nee lord montagu ek kan nie saam met jou gaan nie
as jy jou dood soek vat my saam los my op my plek

klaas sê mense soos ek sê nie nee vir lords nie
hulle het langer gebly as wat ek wou gehad het
maar hulle is weg lord montagu het twee goed gelos
klere en woorde dink ek nou aan hom is hy maar net woorde
ek sê k!u hy sê wolk
ek sê †hui hy sê rok

laat ek maar 'n tang wees hy wat alles ken ek vat by hom
net soos hy by my vat sy altydsegeveraery vir klaas
daar was 'n tyd toe die see 'n mooi vrou was
haar hart was kalm haar see was blou dit is 'n skoon blou
die blou wat sy nou is is 'n saliekneusing

ek het oud geword my wangbene begin insak
my sewejaarjare het ophou blom ek ken die baai
soos die palm van my hand ek is 'n droë tolbos
is die kleur van 'n stamplek onwegsterwend
die lug is pienk skemers soos die ag-dae-geneesbos

nee sê lord montagu **it is lobostemon** ek het grootgeword met die plante
lord moet nie vir plante name gee waarvoor hulle nie gevra het nie
ek het al gesien hoe bote teen die kus kraak soos 'n eier ek't al gesien
hoe perde saam met die branders land toe galop
kyk vandag se brander hardloop
soos 'n merrie wat deur die wind sny sy's lus vir mense uitspoel

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

//oëdienaar

ek is jou oëdienaar ek ryg skulpe ek ontskulp
alkruk ek krok ek kraak blaker ek uit ek staan op
ek steel met my oë roof met my tong ek blaai om
die spelonk die noorkapper storm die bientang tang



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

bintang 1 **stár**. **batu** – a) meteorite. b) crystalline rock. **cirit** – a) shooting/falling star, meteor. b) meteorite. **ilmu** – astronomy. **Perang** – Star Wars, aka Strategic Defense Initiative; → **PRAKARSA** **Pertahanan Stratégis**. **ramalan** – horoscope. **tahi** – → **CIRIT bintang**. **sebanyak** – *di langit* as many as there are stars in the sky. 2 any diagram or figure that resembles a star. **bendéra bulan** – a flag depicting the crescent and star symbol of Islamic nations. **Bendéra Malaysia mempunyai bulan sabit dan – pecah empat belas pada satu sudut**. The Malaysian flag has the crescent and a star with 14 rays in one corner. 3 the symbol of the PPP (party). 4 planet or heavenly body regarded as influencing a person's future. *Ia dilahirkan dalam naungan – Léo*. She was born under the sign of Leo. 5 fate, destiny, luck, fortune. *–nya gelap* and *gelap –nya*. He had a run of bad luck. *–nya naik* his star is rising. *–nya terang*. He is fortunate/prosperous/doing well. *Mulai terbuka –nya*. His star is in the ascendant. 6 constellation (showing the picture of an object or animal). – *biduk* Great Bear. – *pari*




UNIVERSITY of the
 WESTERN CAPE

geld wat is geld vra ek dit is om goed mee te koop antwoord klaas
mense soos die lord vat by die aarde en ruil dit vir geld gaan hy aan
ons die attaquas jag vir kos by die see die kos ruil ons onder mekaar sê ek
hoe betaal hulle die aarde terug vra ek
ons sit terug dit wat ons nie gebruik nie

klaas sê die lord se mense vat wat hulle dink hulle s'n is
lord montagu het 'n manier om 'n mens te onderbreek
selfs 'n mens se gedagtes my ouma het haar medisyne
loop haal in die veld en in die berge die berge wat soos
mense lyk wat op hulle sye lê wil ek sê met die skaapvel
oor hulle skouers wil my gedagte klaar praat

daar is 'n waterval tussen twee berge my ouma'le noem dit varksnoet
sy gebruik die geur van ysterhouttoppe as die asemhalingkas
te swaar word om te dra in die koue veldvye vir witkeel bakbossies
as die liggaam vuur sweet ag-dae-geneesbosblare-aftreksel help elke kwaal
maar die lord het nooit die gedagte gehoor nie hy luister met sy mond



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

my kop trek my in water in
daar is niks wat ek daaraan kan doen nie
ek raak vol water maar ek verdrink nie
ek is swaar en daar sit eelte op my kroon
ek haal asem soos branders kabbelend

hoeveel keer is ek biantang nie deur branders uitgestoot nie
hoeveel keer het onderwater klippers my nie gesny nie
hoeveel keer het die bloublasies my nie gebrand nie
ek het hier in die grot ophou beginte skulpe bymekaarmaak
om my nek gedra die geluid maak my stersiek

ek dink aan my mensgoed wat ek agtergelos het vir visgoed
vir 'n grot wat my weg van die boetabessie af gevat het



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

//oëdienaar

toe sy 'n kind was het sy weggehardloop
weg van haar mense af
sy het teruggegaan maar al wat daar was
was bene
sy het dit in haar sak gesit en saam huis toe gedra

van haar afgestorwe bemindes se beendere 'n stoel
'n beker en 'n lamp gemaak
sy laat vir lord water daaruit drink
sy brand haar mense uit in die lamp
en sê haar pa se raaisel soos 'n gebedsel op

jy sit op my liefde lord montagu

jy drink uit my liefde

maar liefde lieg soos gif



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

ek het besluit laat ek maar dorp toe gaan
laat ek myself vermom en kyk wat die mense hierbo doen
ná klaas en lord se vertrek trek ek die swaar romp aan
die bloes en kappie en die stewels wat my voete so druk
ek gaan stap 'n draai ek is 'n kneg wat kag 'n klip wat kalp my voete swel

vir seewater vryheid wag agter die sandberge ek hoor
my mense beweeg die veters ryg my voete wurg as ek
in jou skoene staan skaaf my enkels maak geswelde kenne
die skoene rek na my breë voete kort tone ek staan in jou skoene montagu

ek wil jou pad verstaan ek loop kryg met die skoene
hulle's grofgeskut die lord bring leerskoene hy los pêrels
'n kam laat val hy 'n kappie 'n rok hy vergeet sy jas jy's so ver van my af
ek weet nie hoe om jou te gaan haal nie ek moet hier bly tot jy kom

dalk staan ek in jou skoene om jou te vind soos met 'n kompas
al jou stappe is geheime wat ek aftrap jy't my kom kry in my ma se mantel
jy't my 'n kleurlingmeid in die mond van die dorp gelos
ek loop in die rondte vir jou ek skop klippies van kwaadheit vir jou

vir jou gaan ek nooit kry nie ek skop jou uit ek loop my sole hard
die see is 'n wolk wat nie kan knyp nie ek laat my nie hiet en gebied nie
los my af ek moet eet ek het gister laas geëet my blaas pyn van pis-hou
ek wil onder kieselsteen begrawe word wil my oog skeel vir die son
ek gaan stap om loperbaai my woorde raak op ek wil weer mens wees
my hare knoop op my kop ek vra vir 'n veldbrand in my kop
sodat nuwe groener gedagtes ingroei los my uit om asem te haal
die jas van jou met my ronde arms ek wil losskiet ek hou asem op
voor jou was ek 'n kind met bamboes nou's ek 'n ouvrou met bloublaaspyn

ek dink aan my mensgoed wat ek agtergelos het vir visgoed
vir 'n grot wat my weg van die boetabessie af gevat het


ek kom in die dorp
die noorkapper hang aan haar stert 'n omgedopte selfdood
my mense bid vir die noorkapper my mense kom van die noorkapper
ek is 'n noorkapper die woede hang vlak trane ek moet die storms roep

ek dink die melkhoute wat ek geplant het sal ouer
as ek word en hulle sal my onthou in die ringe
die dag as hulle soos ek stompe word
vir vuur die sade wat ek geplant het is kinders teen my
hierdie melkhout het meer waarde om te lewe as ek

ek sal misgekyk word die aarde hou van wortels wortels
lewe wortels kan ondergronds asemhaal
dit is my vrees om onder grond asem te haal
donkerte in die grot is my asemhaal
onder die grond ons wat soog ek en die walvis

dis altyd augustus vir ons ons is uitgehol
dragtig vir die see ek en die walvis ons kan albei
gevang word aan ons stert onderstebo gehang
geweeg word ons is iets vir die boeke
my bors is lug vanoggend - 'n witwolkbors

ek is jaloers op 'n boom wat langer as ek lewe
langer as ek hier kan bly en vir wie die grond plek maak
vir sy wortels my voetstappe sal ophou
melkhoutboom jy sal gewortel hier staan
omdat jy nie 'n gevaar is vir wat hier bo



in parrabaai gebeur nie 'n boom staan vir elke saad
wat ek in die grond gesit het waar ek lê het niks gegroei nie

soos 'n wederkaatser ek vergewe jou nie verstaan
tog dit is 'n soort liefde wat liefderik deur my lyf sytel
ek wag die bloed in van lankal af
ek tap uit soos aalwyn
ek mag nie see toe gaan nie my tiete staan kompas

oestervanger sê ek het mag ek het moed ek vra myself hoe lank nog
sy dra soos 'n mens sê pa'le maar sy lê op haar pens sê ma'le
'n bestiering van 'n vrou maar sy's niet om te vertrou hulle jaag haar
en wag die ganse lange dag nou's sy in die nood oplaas was dit haar dood



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

//oëdienaar

my kind jy moet die vertrouwe van 'n noorkapper vir die wind gooi

vanoggend gooi ek my vertrouwe vir die wind
vanoggend lê my kind in bamboes
ek is terug in die !nau ek en my kind
nie sy of ek sal ooit weer 'n vrou genoem word nie



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE


die storm

verskriklik vorstelik verbryselend verslinder
hoër en hoër toring die golf oor die skuimende maalstroom
die strandlopers in grotte naby die hawe het van haar gevlug
sy los haar dooie vis perlemoen rooiaas korale braak

hoër en hoër toring die golf oor die skuimende maalstroom
langs die kus het die storms die binneland binnegedring
sy los haar dooie vis perlemoen rooiaas korale
die see eis haar waters die see eis haar kaai

langs die kus het die storms die binneland binnegedring
alles lê soos gevlekte snoeke sonder hulle binnegoed
die see eis haar waters die see eis haar kaai
die groot golf slaan 'n tamaai slag in die baai

